



*Albert Troskie was 'n dosent aan UNISA en vanaf 1983 tot met sy aftrede in 1999 professor in musiek aan die Universiteit van Port Elizabeth en hoof van die Musiekdepartement. Hy is reeds 49 jaar aktief as kerkorrelis en koorleier en was die stigter van die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV) in 1980. Vir 20 jaar was hy die voorsitter van SAKOV en ook redakteur van die Nuusbrief en die jaarblad, Vir die Musiekleier. In 2002 ontvang hy erelidmaatskap van SAKOV. Sy boek, Pyporrels in Suid-Afrika, is in 1992 deur J.L. van Schaik gepubliseer en in 2010 het sy tweede boek, The Pipe Organ Heritage of South Africa, verskyn. Albert Troskie het op die kommissies van Liedboek van die Kerk en Vonkk*

*gedien. Hy is landswyd aktief as spreker, orrelis en orreladviseur. Hy het verskeie orrel- en koor-CD's uitgegee, en ook twee bundels Liedboekverwerkings vir Orrel en Koor Vol. 1 en 2 in 2003 en 2006 onderskeidelik gepubliseer. Hy is orrelis en koorleier in die NG gemeente Somerstrand, Port Elizabeth.*

## **DIE PYPORREL – VIR TWEE EEUE DRAER VAN DIE WESTERSE MUSIEKKULTUUR IN SUID-AFRIKA<sup>1</sup>**

ALBERT TROSKIE

EMIRITUS-PROFESSOR NELSON MANDELA METROPOLITAN  
UNIVERSITEIT

### **ABSTRACT**

Pipe organs were imported to South Africa from Europe (including England) and America from as early as 1806. The pipe organ was an important cornerstone of cultural activities in many South African towns and villages. Before the availability of concert halls, music-making in the 19th century, such as organ, choral and oratorio performances, centred around the organ and the church. Even for piano, violin and singing recitals the church often was the only available venue. The European music culture therefore became firmly embedded in South Africa through the import of organs, as well as the constant stream of visiting musicians. A significant number of musicians, and specifically organists, from abroad settled in South Africa and the European music culture flowered as a result of the important role they played in society as teachers, composers, conductors, performers, church musicians and organ builders. This led to the founding of local organ building firms from around 1948, adhering to European organ building traditions. South

<sup>1</sup> Hierdie artikel is op 31 Augustus 2013 in Pretoria as die GG Cillié-gedenklesing aangebied.

Africa is blessed with a great number of excellent historic organs (imported from Europe) as well as modern instruments built locally. Although the building of new pipe organs has almost come to a standstill, our organ culture is constantly enriched with the occasional import of new instruments from Europe. Through the training of organists at universities, organ examinations and competitions, the publishing of new organ music, the activities of organ societies and a healthy culture of organ recitals by local and overseas organists, the European music culture is still actively promoted in South Africa.

## DIE HISTORIESE PYPORREL

Die geskiedenis van die pyporrel in Suid-Afrika<sup>1\*</sup> begin tydens die vroeë Nederlandse periode (1652-1806) toe klein pyporrels hier gebou is, bv. die 1791 Hodderson-orrel in die Drakenstein-gemeente in Paarl.<sup>2</sup> Ongelukkig het geen van hierdie (waarskynlik taamlik primitiewe) orrels behoue gebly nie. Die harmoniums wat algemeen gebruik is en die paar pyporreltjies was beperk tot die begeleiding van psalms en gesange en kan kwalik as draers van die Westerse musiekkultuur bestempel word omdat min Westerse kunsmusiek waarskynlik daarop gespeel is.

Met die Britse besetting van die Kaap in 1806 het 'n nuwe era aangebreek. Engelse invloed het op alle gebiede oorheers – in die handel, onderwys, godsdiens, argitektuur, musiek en ook die orrelbou. Die bevolking het vinnig toegeneem en oor die hele land uitgebrei. Sendinggenootskappe was ook aktief. So het 'n behoefte aan nuwe gemeentes, kerke en gevolglik ook orrels ontstaan.

Op orrelbougebied is 'n duidelike patroon vir die volgende ±150 jaar (vanaf 1806 tot 1949) gevestig. Omtrent 95% van alle pyporrels is ingevoer vanaf nie minder nie as 45 Europese<sup>3</sup> en twee Amerikaanse orrelbouers.<sup>4</sup> Instrumente is uit katalogusse bestel en waar kundige orrelmonteurs nie beskikbaar was nie, bv. op afgeleë dorpe, is die orrels deur plaaslike nutsmanne soos skrynwerkers, winkeliers, horlosiemakers ens. aanmeekaargesit volgens gedetailleerde instruksieboeke wat saam met die orrels gestuur is. 'n Interessante voorbeeld is die historiese Hill-orreltjie in die Wesleyaanse kerkie op Grahamstad wat deur 'n soldaat van die garnisoen opgerig is.<sup>5</sup> 'n Klein persentasie orrels is wel plaaslik deur ons eerste orrelbou pioniers soos o.a. Price, Kemp, Lauterbach en Bredell,<sup>6</sup> gebou.

Die heel eerste ingevoerde orrel is in Engeland deur Thomas Simpson gebou en in 1814 in die Lutherse Kerk in Strandstraat opgerig. Die eerste pyporrel in die Transvaal, gebou deur Bevington, is in 1891 in die NH Kerk Potchefstroom deur die plaaslike orrelis, mnr. Perold, opgerig. Die aankoms van 'n pyporrel uit Europa (soos die een in Potchefstroom) was 'n opspraakwekkende gebeurtenis van groot kulturele belang. Mnr. Perold se seun het dit in 1939 so saamgevat:

... The organ was transported in 12 large crates by train to Vryburg, and from there by ox-wagons to Potchefstroom. At the entrance of the town my dad anxiously waited for the ox-wagons and escorted them to the church, his eyes carefully watching the crates as if they contained the most

---

\*Verwysingstegniek van eindnotas saam met die bibliografie word by hierdie artikel gebruik.

precious treasures in the world. My father who had no training as organ builder, managed to assemble the instrument, and did it so well that the organ played for the next fifty years without any problems.<sup>7</sup>

'n Volledige oorsig van die groot aantal ingevoerde orrels vanaf Europa en Amerika is nie moontlik in die beperkte omvang van hierdie bespreking nie.<sup>8</sup> Die kerkorrels is te veel om op te noem en ek volstaan hier met 'n lys van slegs enkele belangrike historiese en moderne ingevoerde katedraal- en konsertsaalinstrumente. Hierdie orrels was en is steeds van groot belang in die uitdra van ons Westerse musiekkultuur:

Die Hill-orrel in St. George's Cathedral, Kaapstad (1909); die Walker-orrels in St. Cyprian's Cathedral, Kimberley (1937) en in St. Mary's Cathedral, Port Elizabeth (1897) onderskeidelik; die Norman & Beard-orrels in die ou Veremarsaal, Port Elizabeth (1893); die Stadsaal van Kaapstad (1905); die Stadsaal van Johannesburg (1916); die Rushworth & Dreaper-orrel in St. Mary's Cathedral, Johannesburg (1929); die Brindley & Foster-orrel in die Pietermaritzburgse Stadsaal (1902) en die Kimball-orrel in die Pretoriase Stadsaal (1935).



*Foto: Hill-orrel in St. George's Cathedral, Kaapstad (1909)*

## SUID-AFRIKAANSE ORRELBOU (VANAF 1948)<sup>9</sup> EN DIE EUROPESE INVLOED

Die plaaslike orrelboutoneel is gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu deur twee groot firmas oorheers, naamlik R. Müller (vanaf 1898) en Cooper, Gill & Tomkins (vanaf 1912). Soos in die 19de eeu is orrels steeds vanaf oorsee ingevoer en plaaslik aanmekaar gesit. R. Müller het bv. die orrel van die Grootte Kerk in Kaapstad in 1957 van Pels & Zoon ingevoer en opgerig. Die invoer van orrels was kort na die Tweede Wêreldoorlog bykans onmoontlik as gevolg van 'n tekort aan grondstowwe, en dit het gelei tot die stigting van Suid-Afrikaanse Orrelbouers (SAOB) in 1948 en tot die begin van 'n plaaslike orrelboubedryf. In die loop van 30 jaar het SAOB meer as 1 300 orrels gebou waarvan die meerderheid plaaslik vervaardig is. Die spesifikasies was oorwegend nog in die romantiese orkestrale klankidoom van die Anglo-Amerikaanse orrelbou. Behalwe die eenheidsorrels was daar ook ander instrumente met ernstige tekortkomings.

Vir baie jare is die orrelboubeginsels van die *Orgelbewegung* wat in 1926 in Duitsland begin is, in Suid-Afrika geïgnoreer.<sup>10</sup> Geleidelik is orrels vanaf die 1970's volgens sogenaamde Neo-Barok-beginsels ontwerp en in omringende orrelkaste gebou, met meganiese speelaksie, sleeplaaië, gebalanseerde spesifikasies met voldoende vulstemme en met sorgvuldig-gekoose materiale, mensure, winddruk en intonasie. In hierdie opsig is die plaaslike orrelbou sterk deur die Europese tradisie beïnvloed. Vanaf ongeveer 1975 het Suid-Afrikaanse orrelbouers die algemeen-aanvaarde Europese orrelboubeginsels toegepas en orrels van beter kwaliteit is gebou. Orreladviseurs het studiereise na Europa onderneem en daardie beginsels hier kom toepas. In 1977 het 'n groep van 13 orreladviseurs in Pretoria vergader en konsensus bereik oor al die tegniese en artistieke vereistes vir 'n goeie pyporrel. Dit is gepubliseer<sup>11</sup> en het gelei tot 'n meer eenvormige benadering tot orrel-ontwerp en 'n verhoging van die standaard van nuwe orrels.

Hierdie proses is aangehelp deur die feit dat omtrent alle plaaslike orrelbouers van Europese afkoms was en daar hulle opleiding ontvang het. Dit het verskeie werknemers van SAOB (gestig deur die Nederlander, Willem van Loon) ingesluit wat uitstekende orrels soos dié in die NG Kerk Universiteitsoord (1967); Frankfort (1982); Eerste Vesting, Potchefstroom (1989); St. Alban's Cathedral, Pretoria (1958/76); die Odeion-konserteraal, Bloemfontein (1967); die PU vir CHO-Konservatorium (1979); die UPE-ouditorium, Port Elizabeth (1976) en talle meer gebou het. Die Duits-gebore Erwin Fehrle het tussen 1962 en 1977 uitstekende orrels gebou, insluitende dié in die NG Kerk Irene (1972); Vrededorp (1975); Pionierspark (1975); die Musaion-konserteraal, Pretoria (1977) asook die grootste meganiese orrel in Suid-Afrika met 53 registers in die SAUK se MIA-studio in 1976. Drie ander orrelbouers van Duitse afkoms wat diep spore in die Suid-Afrikaanse orrelbou getrap het, was Heinrich Schaffrath (vanaf 1950), Christian Ganser (vanaf 1947) en Heinrich Kardos (vanaf 1950).

Die volgende sewe plaaslike orrelbouers van Nederlandse afkoms is/was almal in staat om werk van goeie kwaliteit te lewer. Die klankideale van die Westerse orrelboudradisies is meesal goed in hulle instrumente vasgelê.

- Wattel & Seuns (Suidelike Orrelbouers) het o.a. uitstekende orrels opgerig in die NG Kerk Strooidakkerk, Paarl (1977); Kraggakamma, (1976); Geref. Kerk Port Elizabeth (1973); Christuskirche, Windhoek (1985) asook die konsert-orrel vir die Universiteit

van Wes-Kaap (1985).

- Tussen 1976 en 1988 het Gerrit de Waard 18 orrels gebou, waaronder die grootste die orrel in die NH Kerk Grimbeekpark, Potchefstroom (1983) is.
- Jan Roeleveld het by Fehrle oorgeneem en uitstekende orrels vervaardig, waaronder dié in die NG Kerk Klerksdorp-Goudkop (1984), Potchefstroom-Miederpark (1986) en 'n konsert-orrel vir die Universiteit van Durban-Westville (1991).
- Jan Zielman se magnum opus is die pragtige orrel in die NG Kerk Somerstrand (1988) – die grootste meganiese kerkorrel in Suid-Afrika met sterk Europese klankinvloede aangesien die intonasie deur 'n Franse intoneur gedoen is.
- Jan Pekelharing Sr. het in Holland opgegroeï en baie orrels vir SAOB geïntoneer. Sy seun, Jan Pekelharing, het in Port Elizabeth as orrelbouer gewerk tot met sy dood in 2008. Sy grootste bydrae was die bou van die enorme viermanueel-orrel in die Veremarksentrum, Port Elizabeth (1999).
- Nog 'n suksesvolle orrelbouer van Nederlandse afkoms is Jan Elsenaar, werksaam in die Vrystaat.

Suid-Afrika se musiekkultuur is verder verryk met 'n aantal moderne ingevoerde orrels, waaronder die Marcussen-orrels in die Endlersaal, Stellenbosch (1980) en die NG Kerk Kopsiekampus (1986); die Rieger-orrels in die UNISA-gehoorsaal (1995); St. George's Anglican Church, Parktown (2012); en die Universiteit van Pretoria se Kapel (2013). Verskeie Paul Ott-orrels kom voor in o.a. die NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen (1973); die Lutherse Kerk, Kroondal (1964); die Hammer-orrel in die Lutherse Kerk, Stellenbosch (1965) en die Von Beckerath-orrel in die Baxter-teater, Kaapstad (1977).

## **DIE HISTORIESE ROL VAN DIE PYPORREL EN ORRELISTE AS DRAERS VAN DIE WESTERSE MUSIEKKULTUUR IN SUID-AFRIKA**

Pyporrels in kerke (en later ook in konsertsale) het altyd 'n sleutelrol gespeel in die musikale ontwikkeling en verryking van gemeenskappe. In die 18de en 19de eeu (voordat konsertsale met orrels daarin gebou is) was die kerke die voor-die-hand-liggende plekke vir konserte, oratorio- en kantate-uitvoerings en orrelkonserte.<sup>12</sup> Vanaf die middel van die 19de eeu het orreliste hier te lande 'n leeu-aandeel in die bevordering van die Westerse musiekkultuur gehad. Met orrels van Europese afkoms tot hulle beskikking en meesal met 'n musiekopleiding in Europa op hulle kerfstok, het orreliste grootliks bygedra tot die musiek-aktiwiteite in hulle gemeenskap.

Uit 'n lang lys orreliste kan kortliks genoem word Edward Knolles Green (1788-1828), wat die Lutherse Kerk se orrel in 1814 kom installeer het en daarna 'n bladmusiek- en instrumentewinkel besit het; Frederick Logier (1801-67),<sup>13</sup> aktief as orrelis van die Lutherse Kerk, die Groote Kerk en St. George's Cathedral; Charles N. Thomas (1840-1923), orrelis van St. George's Cathedral van 1863-1888 en J. Alban Hamer (1882-1952) wat 'n belangrike rol gespeel het – eers vir ses jaar in Bloemfontein en toe vir 26 jaar as orrelis van St. George's Cathedral, Kaapstad. Hamer was veral entoesiasies in sy bevordering van die Westerse musiekerfenis onder Kaapse Kleurlingkore. Pieter Hugo (1811-61) was orrelis en koorleier in Stellenbosch en Paarl. Friedrich Jannasch

(1855-1930) was vir 47 jaar orrelis in Stellenbosch waar hy 'n leidende rol gespeel het as opvoedkundige en voorstander van goeie kwaliteit orrel- en koormusiek. Jan S. de Villiers ("Jan Orrelis") (1827-1902), musiekreus van Paarl, was sy hele lewe aktief as orrelis van die NG Kerk Noorder-Paarl en as onderwyser, dirigent en komponis. Hy het baie nuwe orrels ingewy. Sy neef, Rocco de Villiers, en Rocco se seun, P.K. de Villiers, sowel as 'n ander Paarlse orrelis, A.C. van Velden, was almal vroeë musiekpioniers in die Wes-Kaap.

Ander orreliste wat ook sterk bygedra het tot die bevordering van die Europese musiekkultuur was die stadsorreliste van Kaapstad, G. Denholm Walker, N.R. Ingleby, S.A. Mosdell, Leslie Arnold, Keith Jewell en T. Barrow-Dowling. Laasgenoemde was ook orrelis van St. George's Cathedral en het in 1894 die eerste uitvoering in Kaapstad van Bach se *Matteuspassie* gedirigeer. Dit het 'n tradisie van jaarlikse Passie-uitvoerings ingelui wat 50 jaar lank geduur het.

In Pretoria was Petrus van den Burg (1856-1936) wat in 1884 van Nederland gekom het, 50 jaar lank aktief as orrelis, koorleier en orrelkonsultant. John Yates (1881-1966) was vir meer as 50 jaar lank werksaam as orrelis en orrelbouer in Pretoria.

Vir 40 jaar was John Connell (1891-1955) die stadsorrelis van Johannesburg. Dit was 'n prestige-betrekking want daar was nie minder nie as 71 aansoeke vir die Johannesburg-stadsorrelispos! In 1929 het Connell sy 1 000ste orrelkonsert voor 'n groot gehoor gegee en in 1952 sy 2 000ste uitvoering! Hy het ook die Pretoriase Stadsaal-orrel ontwerp en dit in 1935 met koor en orkes ingewy.

Die Nederlands-gebore orrelis, Gerrit Bon (1901-83), was die eerste en enigste stadsorrelis van Pretoria van 1936 tot 1957. Hier het hy meer as 1 000 orrelbespelings van standaard-orrelrepertoire gegee. Op sy afskeidskonsert het hy werke van Sweelinck, Bach, Andriessen en Guilmant gespeel. In 1950 het hy die volledige orrelwerke van Bach uitgevoer, en dit 20 jaar later in Harare herhaal. Soos Bon het baie orreliste die Westerse musiekkultuur by orreluitvoerings bevorder, bv. A.G. Dixon wat in 1884 in 'n orrelkonsert in Port Elizabeth werke van Lefébure-Wely (*Processional March*), Mendelssohn (*Sonate II*), Bach (*BWV 552, 'St Anne'-Fuga*) and Liszt (*Ave Maria*) gespeel het. Die orrelis Roger Ascham (1864-1934) het vir 44 jaar die musiektoneel in Port Elizabeth oorheers as orrelis, pianis, onderwyser en komponis. Hy was dwarsdeur Suid-Afrika bekend as konsertpianis en -orrelis, en sy komposisies is in Engeland en Duitsland gepubliseer.

Roger Ascham het beroemdheid verwerf vir sy orreluitvoerings in die Veremarksaal in Port Elizabeth. Van 1893 tot 1934 was hy die stadsorrelis en sy eerste konsert het uit standaardrepertoire van Guilmant, Bach, Lemmens, Widor en Rheinberger bestaan. Sy konserte is goed bygewoon en daar was gereeld tussen 500 en 1 000 mense in die gehoor. In die afwesigheid van radio en bioskoop was orreluitvoerings sosiale geleenthede waartydens mense rondgewandel en selfs tydens die musiek met vriende en bekendes gesels het!

By die inwyding van die Norman & Beard-orrel in die Veremarksaal op 15 Junie 1893 was 1 500 persone teenwoordig. Die orrelis, Frank Bradley van Birmingham, het o.a. Bach se *Toccate*, *Adagio* en *Fuga* gespeel. Vir baie jare gedurende die 19de en vroeë-20ste eeue is soortgelyke orreluitvoerings in die stadsale van Kaapstad, Durban, Johannesburg, Pretoria, Pietermaritzburg en Port Elizabeth gegee. Benewens standaard-orrelrepertoire is baie transkripsies van simfoniese musiek, byvoorbeeld dele uit Beethoven-simfonieë, op die orrel uitgevoer of as orrel- en

klavierduette gespeel.

Die pyporrel – self ’n produk van ons Europese erfenis – het gedurende die afgelope 200 jaar ’n kardinale rol gespeel as die draer van ons Westerse musiekkultuur. As sodanig sou ek dit bestempel as die spilpunt waaromheen musiekbeoefening in baie vroeë Suid-Afrikaanse gemeenskappe gedraai het. Tallose beroemde Europese orreliste, pianiste, violiste en sangers het sedert ongeveer 1850 na Suid-Afrika gereis en uitvoerings gegee. Daar was ’n noue kulturele verband met Europa. Die orrel as solo- maar ook as begeleidingsinstrument by koorkonserte en in kerkdienste het luisteraars met die standaard-orrelrepertoire vertrouwd gemaak en hulle ook deur middel van transkripsies met ander Westerse kunsmusiek in aanraking gebring.

## **DIE KONTEMPORÊRE ROL VAN DIE PYPORREL EN ORRELISIE AS DRAERS VAN DIE WESTERSE MUSIEKKULTUUR IN ’N MULTIKULTURELE SAMELEWING**

Vanaf ongeveer 1930 het die tradisionele rol van pyporrels in kerke en konsertsale meer gesofistikeerd geword. Dit was nou moontlik om vir orrelas vak by universiteit-musiekdepartemente in te skryf, en orrel-onderrig het meer gestruktureerd geraak. Kerkmusiekdiplomas soos die K.O.D. (Kerkorreliatediploma) is by sekere universiteite ingestel. Orrel-onderrig aan universiteite en skole was altyd gebaseer op die Westerse kunsmusiek-repertoire en dit is nog steeds die geval. Soos in die verlede, studeer orrelbeurswenners van UNISA en ander instellings hoofsaaklik aan Europese musiekskole. Met hul terugkeer word hulle self orrel-onderwysers met leerplane gebaseer op die tradisionele Westerse orrelmusiek-repertoire. Hierdie repertoire word benodig in alle universiteitsorrel-eksamens en vir alle eksterne orrel-eksamens van UNISA, Royal School of Music, Trinity College ens. Dit vorm ook die kern van repertoire wat by orrelkonserte gehoor word.

In aanvulling by die name van die ouer geslag orreliste hierbo, kan ’n groot groep ander orrel-onderwysers en kerkmusici genoem word wat groot bydraes tot die bevordering van die Westerse orrel- en koorkultuur gemaak het en wat reeds oorlede is. Hulle sluit in Claude Brown, Gawie Cillie, Rona Cloete, Pieter Delen, Dirkie de Villiers, Susan Engelbrecht, Maria Fisser, Driekie Jankowitz, Gerhard Koornhof, Barbara Louw, Danie Louw, S. Le Roux Marais, Willem Mathlener, Rosa Nepgen, Roger O’Hogan, Dawid Roode, Maarten Roode, Robert Selley, Wilhelm Söhnge, Louwrens Strydom, Chris Swanepoel, Roelof Temmingh, Gradus Wendt, Stephanus Zondagh en Willem Zorgman.

Dis moeilik om ’n omvattende en volledige lys van orreldosente en orrelvoordraers wat nog aktief besig is saam te stel en word dus hier nie gedoen nie. Sedert ongeveer 1930 vind orrel-onderrig op groot skaal plaas, en tot vandag toe kom daar elke jaar knap jong orreliste na vore. Verenigings, universiteite en kerke bied gereeld orreluitvoerings aan waar opgeleide orreliste die Westerse orrelrepertoire wat oor minstens vyf eeue strek, uitvoer.<sup>14</sup>

As gevolg van beter onderrig het die gehalte van orrelspel in kerke ook vanaf die tweede helfte van die 20ste eeu verbeter. Die standaard-orrelrepertoire word in eredienste gehoor en die orrel is ideaal geskik vir die begeleiding van kerkliedere wat grotendeels in die Westerse musiekkultuur ontstaan het, bv. die Lutherse korale, Geneefse psalms en Anglo-Saksiese gesange.

Orrelkoraalvoorspele wat oor eeue uit die Westerse kunsmusiek ontstaan het, word elke Sondag in kerke gehoor, en vir die uitvoering van kantates, oratoriums en ander gewyde musiek is die orrel onontbeerlik. In verskeie liedboeke, soos bv. *Hymns Ancient and Modern* (1861), *The New English Hymnal* (1989), *Liedboek van die Kerk* (2001) en andere, is ons ryk Westerse kerkmusiekerfenis stewig vasgelê.

In 1980 is die Suider-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging (SAKOV) gestig met as doelstelling die bevordering van kerkorrelspel en om die kennis en tegniese vaardighede van kerkorreliste te verbeter. Dit funksioneer in ooreenstemming met soortgelyke verenigings in Nederland en Engeland en bied praktiese indiensopleiding aan orreliste en publikasies aan sy lede.<sup>15</sup> Baie Suid-Afrikaanse orreliste behoort ook aan oorsese orrelverenigings soos die *Nederlandse Organistenvereniging* en die *Royal School of Church Music*, wat ons bande met die Europese musiek- en orreltradisies verder versterk.

Vanaf ongeveer 1985 is daar 'n sterk afname in die bou van nuwe orrels. As gevolg van die verswakking van die Rand het die koste van ingevoerde pype en ander onderdele geweldig gestyg en het die pyporrel homself effektief uit die mark geprys. Meer elektroniese orrels word aangekoop en daar is ook gemeentes wat die pyporrel en die tradisionele liturgiese musiek met gospel-musiek en ander instrumente vervang het. Die sterk band tussen die Europese musiekkultuur is, jammer genoeg, in sulke gevalle deur 'n Anglo-Amerikaanse gospel-tradisie vervang. Ongeag hierdie tendense is dit tog so dat die pyporrel nog steeds in die oorgrote meerderheid kerke gebruik word.

In 'n Suid-Afrikaanse multikulturele konteks speel die pyporrel nog steeds 'n belangrike rol. In die meeste gemeentes van bv. die Nuwe Apostoliese Kerk, die Congregational Church en die Morawiese Kerk is die orrel- en koormusiek nog stewig op die Europese tradisies gegrond. Baie bekwame orreliste en koorleiers het goeie orrels tot hulle beskikking in gemeentes soos Genadendal, Salem, Elim, Clarkson, Haarlem en Mamre en nog baie ander. In die swart kerke is orrels minder algemeen (alhoewel daar wél kerke met pyporrels is) en orrels word gebruik om swart kore te begelei op koorfeeste en -kompetisies in uitvoerings van Westerse kunsmusiek, bv. uittreksels uit oratoriums van Haydn, Handel, Mendelssohn ens.

Verskeie Suid-Afrikaanse komponiste het inheemse melodiese en ritmiese elemente in hulle andersins tradisionele orrelwerke ingewerk.<sup>16</sup> Dit lei tot 'n merkwaardige fusie tussen Europese kunsmusiek en die Afrika musiektradisies, bv. in Stefans Grové se *African Hymnus I, II en III* in 1991 en 1997 onderskeidelik waar 'n aantal Afrika-tonele uitgebeeld word soos "*Continent of Mysteries*", "*Lament of an Old Woman in her Hut towards Dawn*" en "*Night Ritual*". In 1996 het Surendran Reddy *Toccata for Madiba*, geskryf, en in 1997 komponeer Henk Temmingh *Nkosi for Organ*. In beide werke is die Suid-Afrikaanse volkslied en ander kenmerkende elemente van Afrika-musiek ingesluit. In Kevin Volans se *Walking Song* vir orrel word die primitiewe rietfluite van party Afrika-kulture verklank.



## SLOTSOM

Suid-Afrika het 'n ryk pyporrel-erfenis. In sy konstruksie, voorkoms en artistieke klankkwaliteite verbind die pyporrel Suid-Afrika met 'n eeue-oue Europese tradisie. Verskeie stadiums van ontwikkeling van Europese orrels gedurende die afgelope 200 jaar kan nagespeur word deur verteenwoordigende voorbeelde van soortgelyke orrels in Suid-Afrika te bekyk en te beluister. In hierdie opsig vorm Suid-Afrika se historiese pyporrels 'n tasbare skakel met Europese instrumente. Ook die moderne pyporrel in Suid-Afrika vertoon sterk Europese invloed en kan met die beste in die wêreld vergelyk word.

Die invoer van pyporrels vanaf Europa, veral gedurende die 19de eeu, het die Suid-Afrikaanse kultuur enorm verryk. Uit musikale, argitektoniese en opvoedkundige gesigspunte het hierdie orrels 'n belangrike funksie in gemeenskappe vervul. In baie dorpe en kleiner gemeenskappe was die orrel die hoeksteen van musiekuitvoerings en het dit bygedra om die algemene vlak van musikale verfyndheid in die taamlik ongekunstelde gemeenskappe van weleer te verhoog. Ook in die huidige situasie het die pyporrel nog niks van sy bekoring en sy noue verbintenis met die kunsmusiektradisie van Europa verloor nie. Dit is steeds 'n belangrike draer van die Westerse musiekkultuur in ons kerke en konsertsale.

## EINDNOTAS EN BIBLIOGRAFIE

1. Troskie, A.J.J. 1992. Pyporrels in Suid-Afrika. Pretoria: Van Schaik.  
Troskie, A.J.J. 2010. The Pipe Organ Heritage of South Africa. Port Elizabeth: Albert Troskie.  
Die meeste inligting in hierdie artikel is op bogenoemde twee publikasies gebaseer.
2. Troskie, op. cit. 1992:2-3. Raadpleeg ook McIntyre, D.G. (s.a.) Early organs and organists at the Cape. Cape Town: Cape Guild of Organists.
3. Algemene verwysings na Europa sluit ook Engeland in.
4. Troskie, A.J.J. 1997. The historic pipe organ heritage of South Africa with special reference to organs imported from England between 1814 and 1914. (Ongepubliseerde referaat gelewer by die Organ Advisors' Conference, Reading University).  
Raadpleeg ook Conradie, E. 1978. Die geskiedenis van pyporrels in die Wes- en Suidkaap voor 1914. (Ongepubliseerde M.Mus.-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat).
5. Kirby, P.R. 1958-59. An early organ by William Hill. *The Organ* 38(150): 87-91.
6. Troskie, op. cit. 1992. Hoofstuk 4.  
Troskie, op. cit. 2010. p. 141-143.
7. Nel, P.G. 1968. Die geskiedenis en betekenis van die orrel in Suid-Afrika. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde D. Phil.-tesis, p. 59-60. Aanhaling uit 'n brief van J. du P. Perold, gedateer 9 Januarie 1939).
8. Troskie, op. cit. 1992. In hoofstukke 2 en 3 word 'n groot aantal ingevoerde orrels bespreek.  
Troskie, op. cit. 2010. In hierdie boek word 135 historiese pyporrels bespreek. Die oorgrote meerderheid hiervan is ingevoer uit Europa en Amerika.
9. Troskie, op. cit. 1992. Hoofstuk 5.
10. Troskie, op. cit. 1992. p. 124-125. Die situasie in Suid-Afrika is krities ontleed in 'n aantal publikasies deur Albert Troskie: Orrelbou in Suid-Afrika. 1971. *Ars Nova* 3.2:16-24;  
Wat is verkeerd met ons pyporrels? 1973. *Die Voorligter*, 20-21, Okt.  
Orrelbou en Akoestiek. 1975. *Die Voorligter*, 4-5, Mei.  
Swak kerkorrels kan verbeter word! 1982. *Vir die Musiekleier* (4):27-33, Mei.  
Moderne orrelbou in Duitsland. 1985. *Vir die Musiekleier* (9):24-40, Jan.  
Suid-Afrikaanse orrelhistoriese navorsing in Europa. 1987. *Vir die Musiekleier* (14):19-31, Des.
11. Troskie, A.J.J. en Van Namen, A.A. (reds.). 1977. *Waarom 'n pyporrel?* Pretoria: Promedia.
12. Troskie, A.J.J. 2004. The organ as a cornerstone of music-making in nineteenth and early twentieth century Port Elizabeth. *Journal of the British Institute of Organ Studies (BIOS)*, 28:100-116. Oxford: Positif Press.
13. Bouws, J. 1982. Solank daar musiek is. Kaapstad: Tafelberg. p. 74-77. Bouws bespreek ook 'n paar ander orreliste wat in hierdie artikel genoem word, bv. E.K. Green, J.S. de Villiers en

P. v.d. Burg.

Raadpleeg ook: Cillié, G.G. 1989. Kerkmusiek in die Paarl tot 1945. *Vir die Musiekleier* (16): 10-12, Des.

14. Troskie, A.J.J. 1969. The musical life of Port Elizabeth, 1875-1900. Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth. (Ongepubliseerde M.Mus.-verhandeling, p. 158-164. Raadpleeg ook Troskie, op. cit. 2004:109-114.  
'n Verdere analise van Ascham se werk deur Albert Troskie is: Troskie, A. 1972. Roger Ascham (1864-1934) – Virtuoos, pedagoog en komponis. *Ars Nova* (4.2):38-50.
15. Die Veremark-orrelvereniging in Port Elizabeth is waarskynlik die mees aktiewe orrelkonsert-vereniging in Suid-Afrika. Met finansiële ondersteuning van die Nelson Mandelabaai Munisipaliteit bied hierdie Vereniging nege orrelkonsertere per jaar aan. Sedert die Veremark-orrel in 1999 in gebruik geneem is, is nie minder nie as 128 orreluitvoerings reeds hier aangebied.
16. Sedert sy stigting in 1980 publiseer SAKOV die jaarblad *Vir die Musiekleier* asook nuusbriewe, orrel- en koormusiek, CD's ens. Samevattinge deur Albert Troskie van SAKOV se geskiedenis en sy bydraes verskyn in *Vir die Musiekleier* 25, Desember 1998, 93-104, en *Vir die Musiekleier* 32, Desember 2005, 87-96.